

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD

SKAAPVLEIS VIR WENNNERS



Wat kan nou lekkerder wees as 'n Vrystaatse of eintlik 'n Moedersdeel skaaptjoppie op die kole?

Francois Martens, boer van die Moedersdeel omgewing tussen Heilbron en Frankfort, het besluit om Tatjana Schoenmaker, Olimpiese goue medaljewenner met 'n skaap te beloon. Martens sê dat in een van Tatjana se onderhoude sy gesê het dat sy nie kan wag om 'n skaaptjoppie te eet as sy terug is in Suid-Afrika nie, en dit het hom laat besluit om seker te maak sy kry haar tjoppie.


Hy het Dinsdag die mooi verpakte skaapvleis by haar oupa in Krugersdorp afgelaai. Tatjana het laat weet dat sy nie kan wag om die skaap te eet nie. "Oom Francois baie dankie vir die skaap, dankie vir jou moeite en dat jy so ondersteunend is. Ook vir jou passie vir swem. Dit word baie waardeer."

Martens, wat self 'n Springbok-swemmer is, is as jong borsslagswemmer nie toegelaat om aan die Olimpiese Spele in 1968 in

Mexikostad deel te neem nie, weens die verbod op Suid-Afrika se deelname weens die apartheidsjare. Hy het wel in 1968 'n silwer medalje in die 100m borsslag op die Darmstadt-swemkompetisie in Duitsland, waar 114 lande deelgeneem het, vir Suid-Afrika gewen.

Hy het ook besluit om vir Bianca Buitendag, silwer medaljewenner in branderplankry, 'n skaap te slag nadat dit aan die lig gekom het dat Saskok sukkel om medaljewenners te beloon vir hulle prestasies. Die skaap sal nou moet Suid-Kaap toe.

Op die foto links: Francois Martens (links) en Jan de Klerk, Tatjana se oupa



Herald
058 852 3033

Typek
R70

Rotatrim
R75

SMART COPY
R65

MultiOffice
R60

I SMELL
SOMETHING
FISHY!
Moederkerk se ete!

3 Sep '21, Takeaways 13:00 - 18:00

5 stukkies vis + broodrolletjie
+ koolslaai **R70**

kantoor: 0588521615, ds. Braam: 0828216677,
Annari: 0822248741 / enige ander viskomiteelid

BKB
LOUWID

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE



Vir kraalbesprekings en inskrywings
skakel Piet Boshoff : 083 210 7135

Posbus 220, Frankfort, 9830 | Tel: 058 813 1071

E-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za

www.bkb.co.za

Reg. No: 2005/026173/07

Waar sake elke keer,
die eerste keer reg gedoen word!

2021 ENVARTO VARKVLEIS-KARKASKOMPETISIE

In 2020 was hierdie geleentheid met 200 inskrywings, die grootste varkvleis-karkaskompetisie.

Hierdie jaar, met al die uitdagings, is die totale inskrywings amper dubbel meer. In samewerking met SAMIC gee die ALFA Online 2021-varkvleisprogram varkvleisprodusente regoor Suid-Afrika die geleentheid om deel te neem aan 'n unieke karkaskompetisie wat deur ENVARTO geborg word.

Die kompetisie duur oor 'n tydperk van twee weke by 13 verskillende slagpale in agt provinsies.

Maandag is die winners van die Dreamlands Abattoir in Vanderbijlpark op ENVARTO se Facebookblad aangekondig en is van die katagorieë se winners, Six & Five Boerdery vanuit ons eie dorp.

Die finaliste is as volg:
Porkers (20-55kg) - Geen Inskrywing
Cutters (55.1-65kg) - Geen Inskrywing
Light Baconers (65.1-80kg) - Six & Five Boerdery (Eartag A2 Serial #004)
Heavy Baconers (80.1-100kg) & Single Carcass Winner - Six & Five

Boerdery (Eartag A3 Serial #006)
Super Pigs (>100kg) - Six & Five Boerdery (Eartag C4 Serial #004)
Group Winner - Six & Five Boerdery (Eartag A2, A3 & A4)

Die laaste beoordeeling vind plaas vandag, 13 Augustus en sal al die winners tydens 'n webinar op Maandag, 23 Augustus 2021, aangekondig word.



MOTOR 23M ONDER VAALRIVIERWATER



Duikspanne en nooddiensterkers is Maandag na 'n toneel in Oranjeville in die Vrystaat ontbied nadat 'n motor teen 'n versperring op die Wilgerivierbrug naby die R716 gebots en in die water beland het. Die Nasionale Seereddingsinstituut het bevestig dat die motor 23 meter onder die water vasgevang was. Die liggame van twee mans is Dinsdag uit die Vaaldam naby Oranjeville gehaal, terwyl daar steeds na 'n derde persoon gesoek word. 'n Ondersoek van strafbare manslag duur voort.

SÓ LYK HEILBRON SE GETALLE NOU

COVID-19

Die jongste inligting deurgegee van Fezile Dabi Distrikgesondheidsdienste dateer tot op 12 Augustus 2021 en dui aan Ngwathe het 4518 bevestigde Covid-19 gevalle waarvan Heilbron op 1181 staan en is daar 47 positiewe gevalle bygevoeg sedert 5 Augustus 2021.

Dit is vandag dag 505 van die inperkingsperiode en die jongste getalle toon dat daar 2 554 240 bevestigde gevalle in Suid-Afrika reeds aangekondig is. Die dodetal staan tans op 75 774 en reeds 2 337 591 mense het van die virus herstel. Suid-Afrika is die land met die 17de meeste Covid-19 positiewe gevalle in die wêreld.



JAARPROGRAM : 2021		
RIEMLAND JAGTERSVERENIGING		
DATUM	BESONDERHEDE	TYD
14 AUGUSTUS	.22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET	10:00
4 SEPTEMBER	JEUGSKIETDAG	09:00
2 OKTOBER	OPE PRYS SKIET	09:00
2 OKTOBER	TROFEE MEET	09:00
16 OKTOBER	.22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET	10:00
6 NOVEMBER	JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK	18:30
21 NOVEMBER	"D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS	
31 DESEMBER	LEDEGELDE VIR 2022 MOET NOU BETAAL WORD	

PROMO BUNDLE 5X SANITIZER

Dispenser Manual + 5 Litre Sanitizer

- Manual soap dispenser
- Refillable 1000ml bottle
- Converts to gel or spray dispenser

x5 Automatic Dispensers

5 Litre

R2495 incl Vat

Herald

Office National

We mean business

CALENDAR & DESKPAD PRICELIST 2021

Save The Date and Get Ready For 2022!

Herald

Custom WALL CALENDAR

Full Colour on Gloss Board
Portrait, 12 Month View

Qty	Deposit	on Delivery	Total
30	R 150	R 180	R 330
50	R 250	R 280	R 530
100	R 340	R 370	R 710
300	R 450	R 480	R 930
500	R 650	R 680	R 1,330
1000	R 1,200	R 1,240	R 2,440

Custom WIRO TENT CALENDAR

Full Colour on Gloss Board
Portrait, 12 Month View

Qty	Deposit	on Delivery	Total
30	R 150	R 180	R 330
50	R 250	R 280	R 530
100	R 340	R 370	R 710
300	R 450	R 480	R 930
500	R 650	R 680	R 1,330
1000	R 1,200	R 1,240	R 2,440

Custom TENT CALENDAR

Full Colour on Gloss Board
Desk Calendar, 6 Month View

Qty	Deposit	on Delivery	Total
30	R 150	R 180	R 330
50	R 250	R 280	R 530
100	R 340	R 370	R 710
300	R 450	R 480	R 930
500	R 650	R 680	R 1,330
1000	R 1,200	R 1,240	R 2,440

Custom WIRO CALENDAR

Full Colour on Gloss Board
Wireded Top, Month to View

Qty	Deposit	on Delivery	Total
30	R 150	R 180	R 330
50	R 250	R 280	R 530
100	R 340	R 370	R 710
300	R 450	R 480	R 930
500	R 650	R 680	R 1,330
1000	R 1,200	R 1,240	R 2,440

Custom FRIDGE CALENDAR

Full Colour on Fridge Magnet
Portrait, 12 Month View

Qty	Deposit	on Delivery	Total
30	R 150	R 180	R 330
50	R 250	R 280	R 530
100	R 340	R 370	R 710
300	R 450	R 480	R 930
500	R 650	R 680	R 1,330
1000	R 1,200	R 1,240	R 2,440

Custom DESKPAD

Full Colour on Board Paper
Shown at Top in Binding Board

Qty	Deposit	on Delivery	Total
30	R 150	R 180	R 330
50	R 250	R 280	R 530
100	R 340	R 370	R 710
300	R 450	R 480	R 930
500	R 650	R 680	R 1,330
1000	R 1,200	R 1,240	R 2,440

MNR EN MEJ WILGIE MAAK 'N VERSKIL

Hoërskool Wilgerivier kies jaarliks 'n Mnr en Mej Wilgie en dié twee glans persoonlikhede vanjaar was Marieke Muller en HW Muller. Deel hiervan is dat hulle 'n verskil in die gemeenskap moet maak en dié twee het die uitdaging met beide hande aangegryp. Daar was 'n reuse behoefte by Riemland Kliniek op Frankfort om sonpanele te installeer, aangesien die kragrekening in die winter die kliniek se finansies onder geweldige druk plaas. Daar word toe 'n R100 projek geloods in die gemeenskap met die uitsluitlike doel om die kliniek te help. Besighede in Frankfort en ook inwoners van omliggende dorpe het ruim bygedra en kon hulle afsluit met 'n ongelooflike bedrag van R181 000.

Op die foto regs is Marieke (links) en HW (regs) saam met Riemland se personeel vl: Petria Smit, Adrie van Rensburg, Marianne Bieske, Berna Koen en Patricia Linde.

Hartklop Dankie van Riemland Kliniek

Hoe sê mens dankie in woorde wat kan uitdrukking gee aan jou hart se emosie?

25 jaar gelede op 'n bibber-koue wintersoggend het Riemland Kliniek sy deure oopgemaak. Riemland Kliniek is gebou deur die gemeenskap vir die gemeenskap in opdrag van Abba Vader.

In 25 jaar was daar baie lag en baie huil tussen die mure van die hospitaal. Die hartklop van Riemland Kliniek en die gemeenskap het 'n ritmiese eenheid geword. Wanneer die gemeenskap treur, treur ons ook, wanneer daar blydskap is, dans ons saam.

Deur 25 jaar was daar tye wat ons finansiële swaar getrek het, maar altyd het die Here voorsien en kon Riemland sy deure oophou. Te midde van 'n Covid pandemie kom lê die Here dit op die hart van Mnr. en Mej. Wilgie om 'n R100 projek te loods ten bate van Riemland Kliniek. Die doelwit daarvan is om sonenergie te gebruik om elektrisiteitskoste te besnoei.

Weereens word die hartklop van die gemeenskap en Riemland 'n eenheid en R100'e rol in om 'n allemintige R80 000 te word, van ver buite Frankfort, Villiers, Cornelia, Tweeling en Oranjeville se grense. Harte klop warm en besighede word deel van die projek. Aan Boerebande dankie vir die groot donasie om die hartklop warmer en vinniger te laat klop. Dankie ook aan BKB Louwid en Zenzi vir skenkings. Dankie vir elke R100 en donasie wat die hartklop versterk.

HW en Marike, Mnr. en Mej. Wilgie, julle is ysters! Mag julle pad vorentoe altyd die voetspoor van die Here se seën hê. Julle is kosbare mense om op so 'n jong ouderdom so 'n ongelooflike projek aan te pak en soveel harte saam te laat klop. Ons waardeer julle onbaatsugtige harte. Dankie aan Wilgerivier Hoërskool wat Mnr. en Mej. Wilgie ondersteun het in die projek.

En dan aan Vleissentraal wat in die Hartklop Projek inkoop en die projek afsluit met 'n veiling ten bate van Riemland Kliniek. Julle het groot harte wat warm klop. PJ en Ian en elkeen by Vleissentraal, 'n groot hart gevul met baie dankies. Aan elke boer en koper, dankie, dankie, dankie vir julle harte en ondersteuning. 'n Allemintige R100 000 word geskenk! Sonder julle kan ons hart nie klop nie.

Aan ons Hemelse Vader al die eer vir die ongelooflike seën. Vir elke hart wat klop saam met Riemland, dankie. Dankie vir elke R100, dankie vir elke donasie, dankie vir gebede, omgee, uitreik, aanraak. Daar is nie nog 'n gemeenskap soos hierdie nie. Dankie dat julle ons hande sterk maak en ons koester in die tye wat ons dit nodig het. Mag ons harte nog baie jare in eenheid klop.



ENKELE DAE UITMEKAAR

Dis met groot hartseer dat Heilbron twee bekende inwoners moet groot. Arthur Millard en Hendrina Millard is albei enkele dae uitmekaar oorlede. Die roudiens vind plaas volgende Donderdag, 19 Augustus 2021 om 11:00vm vanuit die NG Suid gemeente. Hulle laat na hul seun, Coenie en Janke, hul dogter Cathy, sussie Tina, oupa, familie en vriende. Groot waardering word getoon vir elke Heilbronner se bydrae om beide Arthur en Hendrina te ruste te laat lê.



SKIETPRESTASIE



Herman (11) en Francois (8) Meintjes is beide leerders aan Hoërskool Reitz en het albei Saterdag, 31 Julie 2021, Vrystaatkleure vir skiet verwerf. Die kompetisie het plaasgevind in Daniëlsrus. Herman het met beide 'n .22 en windgeweer deelgeneem en kleinboet Francois slegs met die windgeweer. Hulle het gekwalifiseer vir SA's, maar datums vir die geleentheid is nog nie bevestig nie. Hul ouers, Monica en Kallie Meintjes se harte loop oor van trots met die spogprestasies.

Out now Online

Back 2 School Digital Catalogue
www.herald.officenational.co.za

LOCAL

Herald
Office National



UIT DIE PEN

Vir vandag se storie het ek lank sit en dink. Ek kry dan lekker lag vir myself, want ek herinner myself aan ’n plakkaat wat op een van my eerstejaars op universiteit se muur was: “Sometimes I sits and I thinks. Sometimes I just sits.” (sic) Presies so, met grammatikale fout en al.

Daarom die “sic” agterna. Nota aan self: om die betekenis van “sic” maklik te onthou, is dit as volg: Sentence InCorrect. As jy dus iemand se stelling aanhaal, en die persoon het ’n grammatikale- of spelfout gemaak, skryf jy die fout net so neer. Sit (sic) agterna om aan te dui dat dit nie die skrywer se fout is nie, maar die fout wat aangehaal word.

Dié week is sover propvol opwinding: Zoom Zoom Zuma is siek, David “Didi” Mabuza is nie meer so siek nie (Rusland het wonderlike dokters), die studente wat

WEEK TWEE-EN-DERTIG VAN 2021

Kuba toe gestuur is om te leer hoe om siek mense gesond te maak, is terug (met groot moeite, want hulle sakgeld en klasfooie het opgeraak), mense is steeds siek aan die derde COVID-19 vlag, Ivermektien maak siek of maak gesond (hang af wie jy vra) en die inenting (wat volgens sommige nie ’n inenting is nie), maak ook siek of maak gesond (hang af wie jy vra).

Maar waarom ons almal saamstem, is dat hierdie simpel siekte ’n ekonomiese en finansiële skaduwee oor ons almal gegooi het.

Nie so lank gelede nie vra iemand in dieselfde gemeente hoe dit met ons gaan? Ek sê baie goed, baie dankie, ons is baie bevoorreg. Ons het elkeen nog ons eie werk, ons het ’n warm bed, warm klere, en lekker kos. Waarop my goeie man reageer: ja, en ons kan kies wat ons wil eet.

Watter ongelooflike voorreg is dit nie? Om te kan kies wat om aan te trek en wat om te eet.

Onlangs is twee van my goeie man se vriende dood. Altwee in een week. Die eerste een is dood as gevolg van COVID-verwante komplikasies, die ander nie. Of dalk ook?

Want wat ons baie keer miskyk, is dat die sogenaamde COVID-verwante komplikasies dalk nie net liggaamlik is nie.

Laasgenoemde persoon (kom ons noem hom Tinus) het sy werk in die middel van die pandemie verloor. Hy was gemoeid met die bestuur en beheer van groot geboue wat kantore en winkelsentrums huisves. Meeste van hierdie kantore het toegemaak en hulle huur opgesê want mense kan nou van die huis af werk. Die besighede het dalk net af

en toe ’n “hot office” nodig. ’n Plek waar werknemers moontlik een keer per maand fisies bymekaar kan kom. Ander besighede gee egter nie om om virtueel bymekaar te kom nie.

Nietemin, Tinus het sy werk verloor omdat die maatskappy hom nie meer kon bekostig nie: daar is nie meer kantore wat uitverhuur word nie en die kleiner winkels moes toemaak. Tinus het geen afhanklikes gehad nie, en hy en sy vrou was reeds vir ’n lang tyd geskei.

Tinus moes egter vir homself sorg en op ’n manier geld verdien sodat hy aan die lewe kon bly en dalk nog ’n rand of wat kon wegsit vir sy oudag, wat nie meer so ver in die toekoms was nie.

Tinus was deel van sy matriekklas se WhatsApp groepie, en sy vriende het geweet van sy geldelike probleem. Tinus wou egter nie almoese hê nie. Die vriende het koppe bymekaar gesit oor hoe om vir Tinus te help. Elke advertensie om werk is vir Tinus aangestuur. Iemand het aangebied om vir Tinus ’n bakkie te leen asook toerusting om te help om vir homself weer ’n inkomste te genereer.

Tinus het laat weet dat hy op twee kortlyste verskyn, en genooi is vir twee onderhoude. Vir een van die onderhoude moes hy ’n psigometriese toets aflê en die vriende op WhatsApp het hom sterkte toegewens, en somer gespot oor of die vrae moeilik of maklik gaan wees.

Tinus het belowe om terugvoer te gee aangaande sy onderhoude.

Vrydagaand het hy niks laat weet nie, so ook nie Saterdag nie. Maandagoggend laat weet een van die vriende dat Tinus dood

is, en dat daar op daardie stadium nie verdere inligting beskikbaar is nie.

Van sy vriende het die ergste gevrees: dat Tinus moontlik sy eie lewe geneem het. Onmiddellik begin elkeen sy eie verwyte in sy hart rondslinger: dalk moes hulle harde probeer het om goed te wees vir Tinus, dalk moes hulle hulle hulp dalk op hom forseer het, dalk moes... en elkeen het sy eie inligting bygevoeg.

Teen Dinsdag laat weet iemand dat Tinus ’n hartaanval gehad het. Heimlik het sommige se skuldgevoelens die wyk geneem, want Tinus het nie self besluit om ’n einde aan sy lewe te maak nie, sy lyf het dit besluit.

Ek dink hierdie is ook deel van die COVID-verwante sterftes, want as dit nie van die nagevolge was van hierdie gek siekte nie, sou Tinus nie ’n hartaanval gehad het nie. Sou daar minder beroertes en ander spanningsverwante siektetoestande gewees het.

So: hoe help ons mekaar? Hou aan om jou hande te was (soos wat ons gedoen het nog voordat dit in Maart 2020 mode geword het), hou aan om jou masker te dra (al verpes ek die ding nog steeds), moenie in groot goepe bymekaar kom nie (gelukkig hou ons nie almal van toyi-toyi nie), kry die inenting (of inspuiting, hoe jy ook al daarvoor dink) of gebruik Ivermektien (wat jy ook al daarvoor besluit).

En wees sag met die mense rondom jou.

Bowenal: wees iemand met wie iemand anders sou wou sag wees.

PANEEL 17

Foto erkenning: Africa Stock Photo Alamy



DIE HELDEDAAD VAN MARTHINUS OOSTHUIZEN

■ Quarta Pretorius

Die gebeure wat op hierdie paneel uitgebeeld word, het reeds in Februarie 1838 tydens die Zoeloe-aanvalle op die Voortrekkers en vóór die dood van Dirkie Uys, plaasgevind. Volgens Voortrekkerbronne was die sestienjarige Oosthuizen naby die Van Rensburg-laer besig om perde uit die veld terug te bring toe die laer deur Zoeloe-krygers omsingel en aangeval is. Die Van Rensburgs het hulle

verdedig en Oosthuizen het te perd deur die Zoeloe-mag gejaag en hulle te hulp gesnel. Mettertyd het hulle ammunisie opgeraak. Oosthuizen het dit bemark en na ’n nabygeleë laer gejaag. Daar het hy ’n sak kruit in die hande gekry deur die Zoeloe-linies na die beleërde Van Rensburgs teruggejaag. Dit het hulle in staat gestel om teen die aanvallers staande te bly.

Die model vir Oosthuizen was Michel Moerdyk, die seun van die argitek. Beeldhouer: Laurika Postma



INKLEUR FONDSINSAMELING



Kleuterkasteel het onlangs 'n fondsinsamelingprojek deur middel van 'n inkleur-kompetisie aangebied. Die kleuters het almal hulle talente gewys. James Deyzel het weggestap met die 1ste prys, 2de was Christine Volschenk en 3de was Robyn Smit. Baie geluk aan Milandie van Rooyen wat die meeste kaartjies verkoop het. Almal betrokke by die projek se moeite word opreg waardeer.

POSTNET HEILBRON

NEW!

SAME DAY

COLLECTION AND DELIVERY

BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE!

FOR ONLY R75

CONTACT US TO ARRANGE YOUR COLLECTION OR DELIVERY!

42 Els Street, Heilbron

heilbron@postnet.co.za

058 853 0006

054 988 6078

SASOLBURG

VEREENIGING

VAN DER BIJLPARK

KENNISGEWINGS

KENNISGEWING AAN KREDITEURE EN DEBITEURE

Boedel van wyle JOHANNES CHRISTIAAN PRETORIUS
In die boedel van wyle JOHANNES CHRISTIAAN PRETORIUS, boedelnommer 001680/2021, Identiteitsnommer 250210 5028 081 wat gewoonlik woonagtig was te Huis Bron-van-Heil, Heilbron en wat te Heilbron op 5 Desember 2020 gesterf het. Enigteen wat 'n eis het teen bogenoemde boedel word hiermee versoek om sodanige eis by ondergetekende in te dien binne 30 dae van die datum van publikasie hiervan.
Gedateer te Heilbron op hierdie 5de dag van Augustus 2021.
JH JANSEN
JANSEN PROKUREURS
PIERCestraat 58
POSBUS 890
HEILBRON, 9650
VERW: PRE6/0010/JHJ/cm

FORM JJJ
LOST OR DESTROYED DEED
Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **CERTIFICATE OF REGISTERED TITLE T7547/1964** passed in favour of **Ngwathe Local Municipality** (previously DIE STADSRAAD VAN DIE MUNISIPALITEIT VAN KOPPIES) in respect of PORTION 14 (LOURENSIA) of the farm KOPJES COMMONAGE NO. 248, DISTRICT KOPPIES PROVINCE FREE STATE which has been lost or destroyed.
All persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice. Dated at KOPPIES on 2 August 2021.
APPLICANT AMANDA ANNE SCHUTTE CORNELIUS & PARTNERS INC
26A CHURCH STREET, KOPPIES
E-MAIL: koppies@corven.co.za
TEL: 056 777 1884

SKOOLTERMYNE 2021

OPEN	SLUIT
26.7.2021	01.10. 2021
11.10.2021	15.12.2021



Office National

WHAT IS POPI ACT?

The Protection of Personal Information Act applies conditions for the lawful processing of personal data of South Africans.

SPEAK TO US
For advice on the right shredder for you and your business.

Which shredder to buy?
Cross-Cut Shredder (P-3 or P-4) or a Micro-Cut Shredder (P-5) and to be really safe, you can use a Super Micro-Cut Shredder (P-6) or a Super Fine Micro-Cut Shredder (P-6s).

058 852 3033
heraldoffice@heilbron.co.za

POSTNET HEILBRON
Besigheidsure
Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30
Saterdag:
09:00 -12:00

Elsstraat 42 • HEILBRON
Tel: 058 853 0006

BEL & BESTEL
Aflowerings in Heilbron vir slegs R20



Bestel enige produkte by Postnet Heilbron, Herald Office National of Heilbron Herald en laat dit by jou voorkeur aflewer word vir R20! Gratis vir bestellings ter waarde van R250 of meer.

Aflowerings sal gekies word in Heilbron een keer per dag vir bestellings gemaak voor 13:00, Maandae-Vrydae.

Bepalings en voorwaardes geld.

BLY VEILIG & BLY TUIS

WEERVOORSPELLING

Sa. 14/8	6/18	Sonnig
So. 15/8	7/18	Sonnig
Ma. 16/8	9/23	Sonnig
Di. 17/8	9/27	Sonnig
Wo. 18/8	10/26	Sonnig
Do. 19/8	10/26	Sonnig
Vr. 20/8	8/24	Sonnig
Sa. 21/8	8/23	Sonnig
So. 22/8	8/22	Sonnig
Ma. 23/8	8/23	Sonnig
Di. 24/8	9/23	Sonnig
Wo. 25/8	5/19	Sonnig
Do. 26/8	6/20	Sonnig
Vr. 27/8	7/22	Sonnig
Sa. 28/8	10/24	Sonnig
So. 29/8	9/25	Sonnig
Ma. 30/8	10/25	Sonnig
Di. 31/8	10/23	Sonnig

JAARBEPLANNER

AUGUSTUS 2021

20 Aug. - NG Kerk Suid (Basaarverkoop)

28 Aug. - NG Kerk Suid (Basaar & Saamkuier geleentheid)

SEPTEMBER 2021

3 Sept. - NG Moedergemeente Visete (Wegneem)

23 Sept. - AP Kerk (Verkopings)

OKTOBER 2021

1 Okt. - NG Kerk Suid (Verkopings)

29 Okt. - AP Kerk (Verkopings)

NOVEMBER 2021

26 & 27 Nov. - NG Kerk Suid - (Gholfdag & Kersmark)

2022 Dagboeke

Bestellings vir 2022 dagboeke kan nou geplaas word.



44 Els Street • Heilbron
Tel: 058 852 3033

PLOEG SEMOER
Egte
LEER BELDE



WERNER | 060 524 5567
JEANNE | 076 813 2751
www.ploegsemoer.com

DIENSTE



Andries Muller
072 447 7446
Vrystraat 23,
Heilbron
Ou Heilbron
Betonwerke se gebou

**MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE
HERSTELWERK**

**BAAL VAN SOJA-
/MIELIERESTE**
Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of
Piet Meiring 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron

TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-
KLUBHUIS**

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen 079 040 0531

BLOEDSKENK DATUMS



28 September
23 November

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak *Silma Petzer.* Kantoore 058 852 3033.

Winkelure

MAANDAE -
DONDERDAE
07:30 -17:00
VRYDAE:
07:30 - 16:30
SATERDAE:
08:30 - 13:00

Elsstraat 44
Heilbron

Tel: 058 852 3033

SMALLS

EIENDOMME

**VAN DER MERWE &
VENNOTE EIENDOMME**

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

**HEILBRON • EDENVILLE
• FRANKFORT**



Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5
Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za
E-POS ADRESSE

- Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
- John Watson john@heilbron.co.za
- Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
- Marilize herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
- Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
- Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Silma heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
- Silma marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

BIBLIOTEEK OOP
Piercestraat 66 • Heilbron

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
Maandae tot Vrydae - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)

Biblioteek is gesluit op Saterdag, Sondag & openbare vakansiedae.

Corporate & Commercial
Engagement & Wedding
Individual & Family
Kiddies parties
Matric Farewell
Individual & Family
Maternity & Newborn



MARILIZE LOOTS
PHOTOGRAPHY

072 180 4113
marilize@mcreative
studio.co.za

HERALD

Sport

SKIET 'N PYL UIT 'N BOOG



Danie Theron, leerling aan Hoërskool Reitz, is uitgenooi om die 21ste Augustus aan die Vrystaatproewe en kampioenskappe vir boogskiet in Kroonstad te gaan deelneem.

HEILBRON *Duiwenrus*

Die wedvlugte was Saterdag vanaf Hanover oor 'n afstand van 540km. Dit was mooi weer met 'n ligte wind van agter. Die duiwe het 'n gemiddelde spoed van 78 km per uur gehandhaaf. Stemmett Hokke wen die Jaaroud wedvlug. Kobus en Wilné Els het hul eerste wen geklok in die ope wedvlug.

HANOVER JO

1. Stemmett Hokke
2. OJ's Hokke
3. F Viviers
4. Zenith A
5. Zenith A
6. Zenth A
7. Zenith B
8. Zenith B
9. Kobus & Wilné Els
10. OJ's Hokke

HANOVER OPE

1. Kobus & Wilné Els

2. F Viviers
3. Stemmett Hokke
4. F Viviers
5. Kobus & Wilné Els
6. Kobus & Wilné Els
7. F Viviers
8. Zenith A
9. F Viviers
10. Stemmett Hokke



die DRIEHOEK BARNYARD
079 374 7980

bied aan die boere-buitelugmark!
28 AUGUSTUS 2021
08:00 tot laat

Ry vir 23km op die Sandfontein grondpad. Draal regs by plaas in.

INGANGSFOOK: R20 vir volwassenes R10 vir kinders bo 12

LEWENDIGE MUSIEK KONTANTKROEG TEETUIN

UITSTALLERS PRODUKTE SLUIT IN:

- Ernst Lappe • Juwele • Houtwerk
- Erika Turvey kuns & macramé
- Keramiek produkte • Klere
- Kindervermaak • Kosstalletjies
- Gesondheidsvleise • Olga poppe
- Vetplante • Vellies • Kruie
- Ennog vele meer

Bring asb genoeg kontant.

Pharmacy & Clinic
PLATTELAND

Tibb-Sinugraïne 60 Tablets
R69⁹⁵

A. Vogel 200ml Molkesan Original
R134⁹⁵

Citro-Soda 120g Granules
R79⁹⁵

R124⁹⁵

063 721 4950 087 527 0723
03 pijnterapie@platteland.co.za
12 Wemmer Road, Wemmer Square, Heilbron

Winkelure

MAANDAE - DONDERDAE

07:30 - 17:00

VRIDAE: 07:30 - 16:30

SATERDAE: 08:30 - 13:00

Elstrat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033

Die komende week se BELANGRIKSTE veilinge

MAANDAG - 16 AUGUSTUS 2021

HANDHAAF Kwartaliese veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

DINSAG - 17 AUGUSTUS 2021

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Nieuwenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

LADYSMITH: SANDSPRUIT & AMAXOSI
BEEFMASTERS

130 Beeste, 11:00, Oakdale
Kontak Wynand Lens 082 329 0227

REITZ: HELM BOERDERY
800 Skape, trekke & implemente

11:00, Hartbeeshoek-Wes
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

WOENSDAG - 18 AUGUSTUS 2021

NORMANDIEN Twee-maandelikse veiling
Kontak Wynand Lens 082 329 0227

WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835

WOLMARANSSTAD: 61ste AMPTELIKE
SAVM VEILING, 60 Top ramme

11:00, Skougroede
Kontak Theuns Barnard 082 374 2656

BLOEMFONTEIN: NASIONALE MERINO
LANDSKAAP VEILING

41 Stoet- & kudderamme
11:00, BKB Kleinvee Kompleks Bloemakou
Kontak Schalk Jonker 076 070 1411

DONDERDAG - 19 AUGUSTUS 2021

FRANKFORT KINDERFONDS VEILING
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369

KROONSTAD veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

WARDEN: 10de OOS-VRYSTAAT
SIMBRA PRODUKSEVEILING

30 Bulle & 60 vroulike diere
11:00, Spaarsaam, Warden
Kontak Bennie vd Merwe 082 414 4228

VREDE: SUIDELIKE HOEWELD
DRAKENBERGER KLUB VEILING

35 Bulle
11:00 Vrede veilingsskrale
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

VRIDAG - 20 AUGUSTUS 2021

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marius Becker 082 873 2002

POTCHERSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

VENTERSBURG: AVELING BONSMARAS
& VRIENDE

32 Bulle & 150 vroulike diere
11:00, Welkomspruit, Ventersburg
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189



www.bkb.co.za

BKB Louw NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbouwuid.co.za

GiG

Technologies (Pty) Ltd.

Contact us for a free Quotation

Church street 44

Adriaan- 072 840 4495
info@gigtechnologies.co.za

New!!
AJAX Wireless
Smart Home Security Systems

